# *Leierskap*

***8 Mei 2016***

**Luk 22:24-27** En daar het ook twis onder hulle ontstaan oor wie van hulle die grootste geag moet wees. En Hy het vir hulle gesê: Die konings van die nasies heers oor hulle, en die wat gesag voer oor hulle, word weldoeners genoem. Maar so moet julle nie wees nie; maar die oudste onder julle moet word soos die jongste, en wie 'n leier is, soos een wat dien. Want wie is groter: die een wat aan tafel is, of die een wat dien? Is dit nie hy wat aan tafel is nie? Maar Ek is onder julle soos een wat dien.

**Joh 13:12-14** Toe Hy dan hulle voete gewas en sy bo-klere geneem het, gaan Hy weer aan tafel en sê vir hulle: Verstaan julle wat Ek aan julle gedoen het? Julle noem My Meester en Heer, en julle is reg, want Ek is dit. As Ek dan, die Heer en die Meester, julle voete gewas het, is julle ook verplig om mekaar se voete te was.

**Heb 5:12** … hoewel julle vanweë die tyd leraars behoort te wees...

**Leiers skep nie volgelinge nie – hulle skep nog meer leiers.**

**–Tom Peters**

**Jy is eers 'n leier as jy ander leiers opgelei het wat op hulle beurt nog leiers kan oplei.**

***–onbekend***

**1 Kor 11:3** Maar ek wil hê dat julle moet weet dat Die Gesalfde die hoof is van elke man, en die man die hoof van die vrou, en God die hoof van Die Gesalfde.


***1 Kor 15:28, Ef 1:10, 20-23, 5:22-24***

**Ef 6:1** Kinders, julle moet jul ouers gehoorsaam wees in Jahwe, want dit is reg.

***Kol 3:20, 1 Tim 3:4, 12, 5:14***

**Ef 5:25-29** Manne, julle moet jul eie vroue liefhê, soos Die Gesalfde ook die gemeente liefgehad en Homself daarvoor oorgegee het om dit te heilig… sodat Hy die gemeente voor Hom kon stel, verheerlik, sonder vlek of rimpel of iets dergeliks; maar dat dit heilig en sonder gebrek sou wees. So behoort die mans hulle eie vroue lief te hê soos hul eie liggame... want niemand het ooit sy eie vlees gehaat nie, maar hy voed en koester dit, net soos Jahsua die gemeente.

# **Fraktaal** *(Engels: Fractal)*



**"Interne simmetrie"**

**Kompleksiteit deur hergebruik van eenvoud**

- Wiskunde (Barnsley, Mandelbrot, Koch, Sierpinski...)
- Skepping/natuur
- …
- Organisasie/Jahwe se Koninkryk!









**1 Tim 5:17** Laat die ouderlinge wat goed <u>regeer</u>, dubbele eer waardig geag word, veral die wat arbei in woord en leer.

**Tit 1:5, 7** Om hierdie rede het ek jou in Kreta agtergelaat, dat jy nog verder sou regmaak wat oorgebly het, en van stad tot stad ouderlinge sou aanstel soos ek jou beveel het… Want 'n <u>opsiener</u> moet as 'n <u>rentmeester</u> van God onberispelik wees…

**1 Pet 5:1-3** Ek vermaan die ouderlinge onder julle... : Hou <u>as herders</u> toesig oor die kudde van God wat onder julle is... nie om vuil gewin nie, maar met <u>bereidwilligheid</u>; ook nie as heersers oor die erfdeel nie, maar as <u>voorbeelde</u> vir die kudde.

**1 Kor 12:28** En God het sommige in die gemeente gestel: in die eerste plek apostels, ten tweede profete, ten derde leraars, daarna kragte, daarna genadegawes van gesondmaking, helpers, regeringe, allerhande tale.

**2 Kor 1:24** nie dat ons heers oor julle geloof nie, maar <u>ons is medewerkers</u> aan julle blydskap; want in die geloof staan julle vas.

**Ef 4:11-13** En Hy het gegee sommige as apostels, ander as profete, ander as evangeliste, ander as herders en leraars, om die heiliges <u>toe te rus</u> vir hulle dienswerk, tot <u>opbouing</u> van die liggaam van Die Gesalfde, totdat ons almal kom … tot 'n volwasse man, tot die mate van die volle grootte van Die Gesalfde;

**1 Pet 4:10-11** Namate elkeen 'n genadegawe ontvang het, moet julle <u>mekaar daarmee dien</u> soos goeie bedienaars van die veelvuldige genade van God. As iemand spreek, laat dit wees soos woorde van God; as iemand dien, laat dit wees soos uit die krag wat God verleen, sodat God in alles verheerlik kan word...

# Waarskuwing!!

**2 Pet 2:1-3** Maar daar was ook valse profete onder die volk, net soos daar onder julle valse leraars sal wees wat verderflike ketterye heimlik sal invoer, en ook Jasua wat hulle gekoop het, verloën en 'n vinnige verderf oor hulleself bring; en baie sal hulle verderflikhede navolg, en om hulle ontwil sal die weg van die waarheid gelaster word; en uit hebsug sal hulle met verdigte woorde voordeel uit julle trek…

**Jud 1:18-19** … In die laaste tyd sal daar spotters wees wat volgens hul eie goddelose begeerlikhede wandel. Dit is hulle wat skeuring maak, sinnelike mense wat die Gees nie het nie.

**Hand 20:17, 28-31** En van Miléte het hy gestuur na Éfese en die ouderlinge van die gemeente laat roep.

Gee dan ag op julleself en op die hele kudde waaroor die Heilige Gees julle as opsieners aangestel het om as herders die gemeente van God te versorg, wat Hy deur sy eie bloed verkry het. Want ek weet dit, dat ná my vertrek wrede wolwe onder julle sal inkom en die kudde nie sal spaar nie. Ja, uit julle self sal daar manne opstaan wat verkeerde dinge praat om die dissipels weg te trek agter hulle aan. Daarom moet julle waak en onthou dat ek drie jaar lank nag en dag nie opgehou het om elkeen met trane te vermaan nie.

# “Ysere wet van oligargie”

Robert Michels, Duitse sosioloog, 1911

- **Ysere wet =** onafwendbare uiteinde
- **Oligargie =** heerskappy deur 'n klein elite

- **Enige komplekse organisasie, ongeag hoe “demokraties” van oorsprong**
- **Leierskapsklas van dienaars na heersers (met verloop van tyd)**
- **Eie mag, in plaas van lede se belange**
- **Beheer organisasie se strukture, fondse, inligting, lojaliteite, besluitneming → wend dit aan om al hoe meer beheer te verkry**
- **Teenmaatreëls nutteloos**

en.wikipedia.org/wiki/Iron_law_of_oligarchy

# Doen

1 Kor 12:24-25 … maar God het die liggaam saamgestel en aan die misdeelde lid oorvloediger eer gegee, sodat daar geen verdeeldheid in die liggaam mag wees nie, maar dat die lede gelyke sorg vir mekaar mag dra.

1 Kor 14:12 So moet julle ook, terwyl julle streef na geestelike gawes, probeer om uit te munt tot stigting van die gemeente.

1 Pet 4:10-11 Namate elkeen 'n genadegawe ontvang het, moet julle mekaar daarmee dien soos goeie bedienaars van die veelvuldige genade van God. As iemand spreek, laat dit wees soos woorde van God; as iemand dien, laat dit wees soos uit die krag wat God verleen, sodat God in alles verheerlik kan word...